

10 November

**'n Seker toekoms begin met nederige afhanklikheid**

**Skrifgedeelte: Esra 8:21-36**

**Fokusgedeelte: Esra 8:21**

Met watter ingesteldheid pak jy 'n nuwe projek aan? Of elke nuwe dag? Hoe is jy ingestel teenoor veranderende omstandighede, struikelblokke en uitdagings?

Daar het 'n groot uitdaging voorgelê vir die Jode wat in Babel aan die Ahawa-rivier bymekaargekom het. Na baie jare het hulle op die punt gestaan om na Juda toe terug te keer. Die einde van God se strawwende hand oor Juda se vroeëre ongehoorsaamheid was in sig. Hulle kon uitsien om weer in die land te woon wat God aan hulle voorvaders gegee het. Saam met die opgewondenheid was daar ook die onsekerheid van 'n lang, gevaarlike reis wat voorlê. Anders as in Moses se tyd was daar nie nou 'n wolk wat bedags en snags gewys het dat God met hulle is nie.

Hulle begin die groot onderneming deur te vas en hulle voor God te verootmoedig. Daarmee het hulle hul sonde, swakheid en afhanklikheid erken. Hulle pleit vir God om sy genade en bystand. Bang, biddend en nederig-afhanklik pak hulle die reis aan.

Ons kan die toekoms alleen aanpak wanneer ons besef wie ons is: swak, sondaars, maar terselfdertyd ook begenadigdes deur Jesus Christus. Nederig, afhanklik van God kan jy, kind van God, die toekoms met vertrouwe ingaan.

*Sing: Psalm 127:1, 2 (1936-beryming); Psalm 127:1, 2 (2001-omdigting) Dr. EJ de Beer (Laeveld)*